REMGRO BEPERK

Registrasienommer 1968/006415/06
ISIN ZAE000026480 Aandelekode REM

TUSSENVERSLAG

ONGEOUDITEERDE RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 DESEMBER 2014

HOOFTREKKE

• **Intrinsieke netto batewaarde per aandeel op 31 Desember 2014, as vergelyk word met 30 Junie 2014**	**+15.7%**
• **Verdienste per aandeel**	**+11.5%**
• **Wesensverdienste per aandeel**	**-0.1%**
• **Tussendividend per aandeel**	**+8.3%**

REMGRO BEPERK

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE STAND

R miljoen	**31 Desember 2014**	31 Desember 2013	30 Junie 2014
BATES			
Nie-bedryfsbates			
Eiendom, aanleg en toerusting	**5 677**	5 416	5 616
Biologiese landboubates	**425**	316	499
Beleggingseiendomme	**47**	42	42
Ontasbare bates	**5 759**	5 778	5 811
Beleggings - Geëkwiteer	**54 718**	48 925	52 169
- Ander	**2 811**	2 773	2 642
Aftreevoordele	**216**	192	210
Lenings	**935**	406	629
Uitgestelde belasting	**15**	12	14
	70 603	63 860	67 632
Bedryfsbates	**12 212**	13 396	11 876
Voorraad	**3 066**	3 046	2 408
Biologiese landboubates	**528**	496	539
Debiteure en korttermynlenings	**3 654**	3 319	3 330
Beleggings in geldmarkfondse	**782**	569	1 171
Kontant en kontantekwivalente	**3 628**	4 596	3 657
Ander bedryfsbates	**8**	767	17
	11 666	12 793	11 122
Bates gehou vir verkoop	**546**	603	754
Totale bates	**82 815**	77 256	79 508
EKWITEIT EN LASTE			
Verklaarde kapitaal	**3 605**	3 605	3 605
Reserwes	**65 564**	59 800	62 802
Tesourie-aandele	**(281)**	(398)	(372)
Aandeelhouersekwiteit	**68 888**	63 007	66 035
Nie-beherende belang	**2 695**	1 643	2 599
Totale ekwiteit	**71 583**	64 650	68 634
Nie-bedryfslaste	**2 236**	7 939	2 199
Aftreevoordele	**268**	270	258
Langtermynlenings	**376**	5 962	436
Uitgestelde belasting	**1 592**	1 707	1 505
Bedryfslaste	**8 996**	4 667	8 675
Handels- en ander krediteure	**4 043**	4 181	3 791
Korttermynlenings	**4 710**	314	4 661
Ander bedryfslaste	**72**	46	37
	8 825	4 541	8 489
Laste gehou vir verkoop	**171**	126	186
Totale ekwiteit en laste	**82 815**	77 256	79 508
Netto batewaarde per aandeel (Rand)			
- Teen boekwaarde	**R133.93**	R122.71	R128.56
- Teen intrinsieke waarde	**R284.48**	R231.41	R245.96

REMGRO BEPERK

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

R miljoen	Ses maande geëindig 31 Desember 2014	31 Desember 2013	Jaar geëindig 30 Junie 2014
Verkope	**13 110**	12 662	24 621
Voorraaduitgawes*	**(8 537)**	(8 348)	(15 374)
Personeelkoste	**(2 153)**	(1 803)	(3 747)
Waardevermindering	**(299)**	(281)	(592)
Ander netto bedryfsuitgawes*	**(1 303)**	(1 657)	(4 238)
Handelswins	**818**	573	670
Dividendinkomste	**15**	15	43
Rente ontvang	**135**	114	326
Finansieringskoste	**(198)**	(459)	(1 057)
Netto waardedaling van beleggings, lenings, bates en klandisiewaarde	**(49)**	50	22
Wins met die verkoop van beleggings	**722**	36	51
Gekonsolideerde wins voor belasting	**1 443**	329	55
Belasting	**(248)**	(92)	(57)
Gekonsolideerde wins/(verlies) na belasting	**1 195**	237	(2)
Belang in na-belaste wins van geëkwiteerde beleggings	**3 241**	3 599	6 853
Netto wins vir die tydperk	**4 436**	3 836	6 851
Toeskryfbaar aan:			
Ekwiteithouers	**4 310**	3 860	6 917
Nie-beherende belang	**126**	(24)	(66)
	4 436	3 836	6 851
GEËKWITEERDE BELEGGINGS			
Belang in na-belaste wins van geëkwiteerde beleggings			
Wins voor inagneming van waardedalings, nie-herhalende en kapitale items	**4 081**	4 419	8 584
Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde	**(158)**	(118)	(262)
Wins met die verkoop van beleggings	**35**	63	174
Ander nie-herhalende en kapitale items	**28**	181	201
Wins voor belasting en nie-beherende belang	**3 986**	4 545	8 697
Belasting	**(690)**	(805)	(1 558)
Nie-beherende belang	**(55)**	(141)	(286)
	3 241	3 599	6 853

** Die bedrae vir "voorraaduitgawes" en "ander netto bedryfsuitgawes", soos vroeër in die 31 Desember 2013-inkomstestaat gerapporteer, is hersaamgestel. Voorheen is "voorraaduitgawes" onderstateer en "ander netto bedryfsuitgawes" oorstateer met R433 miljoen. Die hersamestelling het geen uitwerking op bedryfswins, verdienste of wesensverdienste gehad nie.*

WESENSVERDIENSTE REKONSILIASIE

	Ses maande geëindig		Jaar geëindig
	31 Desember	31 Desember	30 Junie
R miljoen	**2014**	2013	2014
Netto wins vir die tydperk toeskryfbaar aan ekwiteithouers	**4 310**	3 860	6 917
Plus/(minus):			
- Netto waardedaling van geëkwiteerde beleggings	**-**	(101)	(92)
- Waardedaling van ander beleggings	**44**	51	80
- Waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting	**5**	-	(5)
- Realisasie van buitelandse valuta-omskakelingreserwes	**-**	(51)	(32)
- (Wins)/verlies met die verkoop van geëkwiteerde beleggings	**(944)**	20	83
- (Wins)/verlies met die verkoop van ander beleggings	**222**	-	(98)
- Netto wins met die verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**(10)**	-	(12)
- Nie-wesensverdienste items ingesluit by geëkwiteerde verdienste van geëkwiteerde beleggings	**27**	(125)	(244)
- Netto (wins)/verlies met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**(68)**	1	(131)
- Wins met die verkoop van beleggings	**(35)**	(63)	(174)
- Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde	**158**	118	262
- Ander nie-herhalende en kapitale items	**(28)**	(181)	(201)
- Belastinguitwerking van aansuiwerings	**-**	3	33
- Nie-beherende belang	**4**	-	5
Wesensverdienste	**3 658**	3 657	6 635

VERDIENSTE EN DIVIDENDE

	Ses maande geëindig		Jaar geëindig
	31 Desember	31 Desember	30 Junie
Sent	**2014**	2013	2014
Wesensverdienste per aandeel			
– Basies	**711.7**	712.5	1 292.4
– Verwater	**704.2**	700.2	1 270.3
Verdienste per aandeel			
– Basies	**838.5**	752.0	1 347.3
– Verwater	**830.5**	739.8	1 325.7
Dividende per aandeel			
Gewoon	**169.00**	156.00	389.00
– Tussen	**169.00**	156.00	156.00
– Finaal			233.00

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

	Ses maande geëindig		Jaar geëindig
	31 Desember	31 Desember	30 Junie
R miljoen	**2014**	2013	2014
Netto wins vir die tydperk	**4 436**	3 836	6 851
Ander omvattende inkomste, netto van belasting	**(302)**	1 687	2 444
Items wat later na die inkomstestaat herklassifiseer kan word:			
Wisselkoersaanpassings	**231**	240	298
Billike waarde aanpassings vir die tydperk	**(145)**	323	346
Uitgestelde belasting op billike waarde aanpassings	**(6)**	(14)	(43)
Herklassifikasie van ander omvattende inkomste na die inkomstestaat	**26**	(60)	(176)
Ander omvattende inkomste van geëkwiteerde beleggings	**34**	1 470	2 015
Items wat nie na die inkomstestaat herklassifiseer kan word nie:			
Aktuariële winste en verliese	**10**	-	23
Uitgestelde belasting op aktuariële winste en verliese	**(3)**	-	(6)
Veranderinge in reserwes van geëkwiteerde beleggings	**(449)**	(272)	(13)
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	**4 134**	5 523	9 295
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:			
Ekwiteithouers	**4 008**	5 546	9 357
Nie-beherende belang	**126**	(23)	(62)
	4 134	5 523	9 295

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

	Ses maande geëindig		Jaar geëindig
	31 Desember	31 Desember	30 Junie
R miljoen	**2014**	2013	2014
Saldo aan die begin van die tydperk	**68 634**	60 645	60 645
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	**4 134**	5 523	9 295
Dividende betaal	**(1 237)**	(1 033)	(1 834)
Kapitaal deur minderhede geïnvesteer	**2**	5	876
Belegging in filiale	**-**	(521)	(529)
Ander bewegings	**10**	3	114
Langtermyn aandele-aansporingskemareserwe	**40**	28	67
Saldo aan die einde van die tydperk	**71 583**	64 650	68 634

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI

	Ses maande geëindig		Jaar geëindig
	31 Desember	31 Desember	30 Junie
R miljoen	**2014**	2013	2014
Kontant uit bedrywighede voortgebring	**645**	842	898
Belasting betaal	**(132)**	(84)	(135)
Dividende ontvang	**1 382**	1 495	3 372
Kontant beskikbaar uit bedryfsaktiwiteite	**1 895**	2 253	4 135
Dividende betaal	**(1 237)**	(1 033)	(1 834)
Netto kontantinvloei uit bedryfsaktiwiteite	**658**	1 220	2 301
Beleggingsaktiwiteite	**(744)**	103	(2 121)
Finansieringsaktiwiteite	**(58)**	(991)	(818)
Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente	**(144)**	332	(638)
Wisselkoerswins op buitelandse kontant	**71**	89	110
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die tydperk	**3 636**	4 164	4 164
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk	**3 563**	4 585	3 636
Kontant en kontantekwivalente – per staat van finansiële stand	**3 628**	4 596	3 657
Oortrokke bankrekening	**(65)**	(11)	(21)

ADDISIONELE INLIGTING

	31 Desember	31 Desember	30 Junie
	2014	2013	2014
Aantal aandele uitgereik			
- Gewone aandele sonder pariwaarde	**481 106 370**	481 106 370	481 106 370
- Ongenoteerde B-gewone aandele sonder pariwaarde	**35 506 352**	35 506 352	35 506 352
Totale aantal aandele uitgereik	**516 612 722**	516 612 722	516 612 722
Aantal aandele in tesourie gehou			
- Gewone aandele teruggekoop en in tesourie gehou	**(2 241 656)**	(3 167 845)	(2 960 766)
	514 371 066	513 444 877	513 651 956
Geweegde aantal aandele	**513 998 313**	513 271 776	513 404 676

In die bepaling van verdienste per aandeel en wesensverdienste per aandeel is die geweegde aantal aandele in berekening gebring.

ADDISIONELE INLIGTING (vervolg)

R miljoen	**31 Desember 2014**	31 Desember 2013	30 Junie 2014
Genoteerde beleggings			
Geassosieerd			
- Boekwaarde	**38 633**	33 498	36 601
- Markwaarde	**96 351**	72 205	79 734
Ander			
- Boekwaarde	**863**	932	880
- Markwaarde	**863**	932	880
Ongenoteerde beleggings			
Geassosieerd			
- Boekwaarde	**11 315**	12 761	11 090
- Direkteurswaardasies	**23 703**	24 143	22 497
Gesamentlike ondernemings			
- Boekwaarde	**4 770**	2 666	4 478
- Direkteurswaardasies	**11 173**	8 905	11 603
Ander			
- Boekwaarde	**1 948**	1 841	1 762
- Direkteurswaardasies	**1 948**	1 841	1 762
Toevoegings tot en vervanging van eiendom, aanleg en toerusting	**372**	322	852
Kapitaal- en beleggingsverpligtinge (Ingesluit bedrae gemagtig, maar nog nie gekontrakteer nie)	**798**	1 291	1 105
Waarborge en voorwaardelike aanspreeklikhede	**306**	347	306
Dividende ontvang vanaf geëkwiteerde beleggings teen beleggings verreken	**1 404**	1 526	3 568

ADDISIONELE INLIGTING (vervolg)

Billike waarde hermetings

Die volgende metodes en aannames word gebruik om die billike waarde van elke klas van finansiële instrumente te bepaal.

- Finansiële instrumente beskikbaar vir verkoop en belegging in geldmarkfondse: Billike waarde is gebaseer op gekwoteerde markpryse of, in die geval van ongenoteerde instrumente, toepaslike waardasiemetodologieë. Laasgenoemde sluit die verdiskonteerde kontantvloeimetode, likwidasiewaarde en werklike netto batewaarde van die beleggings in.
- Afgeleide instrumente: Die billike waarde van afgeleide instrumente word bepaal met verwysing na die mark waarin daar met die instrumente handel gedryf word.

Finansiële instrumente wat teen billike waarde gemeet word, word geopenbaar in een van die volgende vlakke van billike waarde hiërargie:

Vlak 1 – Genoteerde pryse (onaangepas) in aktiewe markte vir soortgelyke bates of laste;

Vlak 2 – Insette (anders as genoteerde pryse binne vlak 1) wat waarneembaar is vir die bate of las, direk (as pryse) of indirek (afgelei vanaf pryse); en

Vlak 3 – Insette vir die bate of las wat nie op waarneembare markinligting gebaseer is nie (nie-waarneembare insette).

Die volgende tabelle toon, volgens hiërargievlak, die billike waardes van finansiële bates en laste wat teen billike waarde gemeet word:

R miljoen	***Vlak 1***	***Vlak 2***	***Vlak 3***	**Totaal**
31 Desember 2014				
Bates				
Beskikbaar vir verkoop	**863**	**-**	**1 948**	**2 811**
Afgeleide instrumente	-	**6**	-	**6**
Belegging in geldmarkfondse	**782**	-	-	**782**
	1 645	**6**	**1 948**	**3 599**
Laste				
Afgeleide instrumente	-	**19**	-	**19**
31 Desember 2013				
Bates				
Beskikbaar vir verkoop	932	-	1 760	2 692
Bates teen billike waarde deur wins en verlies	-	-	81	81
Afgeleide instrumente	-	623	111	734
Belegging in geldmarkfondse	569	-	-	569
	1 501	623	1 952	4 076
Laste				
Afgeleide instrumente	-	13	-	13
30 Junie 2014				
Bates				
Beskikbaar vir verkoop	880	-	1 762	2 642
Afgeleide instrumente	-	3	-	3
Belegging in geldmarkfondse	1 171	-	-	1 171
	2 051	3	1 762	3 816
Laste				
Afgeleide instrumente	-	10	-	10

ADDISIONELE INLIGTING (vervolg)

Die volgende tabelle toon die rekonsiliasie van die drawaarde van vlak 3-bates vanaf die begin tot die einde van die tydperk:

R miljoen	*Beskikbaar vir verkoop*	*Bates teen billike waarde deur wins en verlies*	*Afgeleide instrumente*	Totaal
31 Desember 2014				
Saldo's aan die begin van die tydperk	**1 762**	**-**	**-**	**1 762**
Toevoegings	**287**	**-**	**-**	**287**
Vervreemdings	**(57)**	**-**	**-**	**(57)**
Wisselkoersaanpassings	**80**	**-**	**-**	**80**
Billike waarde aanpassings deur omvattende inkomste	**(124)**	**-**	**-**	**(124)**
Saldo's aan die einde van die tydperk	**1 948**	**-**	**-**	**1 948**
31 Desember 2013				
Saldo's aan die begin van die tydperk	1 285	60	73	1 418
Toevoegings	223	21	-	244
Vervreemdings	(4)	-	-	(4)
Wisselkoersaanpassings	50	-	-	50
Billike waarde aanpassings deur wins en verlies	-	-	38	38
Billike waarde aanpassings deur omvattende inkomste	206	-	-	206
Saldo's aan die einde van die tydperk	1 760	81	111	1 952
30 Junie 2014				
Saldo's aan die begin van die jaar	1 285	60	73	1 418
Toevoegings	277	23	-	300
Vervreemdings	(3)	-	(111)	(114)
Wisselkoersaanpassings	64	-	-	64
Oordrag na geëkwiteerde beleggings	-	(83)	-	(83)
Billike waarde aanpassings deur wins en verlies	-	-	38	38
Billike waarde aanpassings deur omvattende inkomste	139	-	-	139
Saldo's aan die einde van die jaar	1 762	-	-	1 762

Daar was geen oordragte tussen die verskillende vlakke nie.

Vlak 3-beleggings bestaan uit verskeie beleggings wat hoofsaaklik deur derde-party geadministreerde fondse gehou word. Verskeie waardasie-tegnieke is gebruik om die billike waarde van hierdie beleggings te bepaal. Terwyl sommige van die waardasie-tegnieke onwaarneembare insette vereis, sal die verandering van laasgenoemde insette nie 'n beduidende impak op die waarde van die beleggings hê nie.

KOMMENTAAR

1. REKENINGKUNDIGE BELEID

Die tussenverslag word ooreenkomstig die erkennings- en metingsgrondslae van Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS), ingesluit *IAS 34: Tussentydse Finansiële Verslagdoening*, en ooreenkomstig die vereistes van die Maatskappywet (Nr. 71 van 2008), soos gewysig, en die Noteringsvereistes van die JSE Beperk opgestel. Die finansiële state is onder die toesig van die hoof finansiële beampte, Leon Crouse GR(SA), opgestel. Die finansiële state is nie geouditeer of nagesien nie.

Hierdie finansiële state inkorporeer rekeningkundige beleid wat in ooreenstemming met dié van die vorige finansiële tydperke is, met die uitsondering van die implementering van *IFRIC 21: Heffings* en die wysigings aan *IAS 19: Werknemersvoordele, IAS 32: Finansiële Instrumente – Openbaarmaking, IAS 36: Waardedaling van Bates* en *IAS 39: Finansiële Instrumente – Vernuwing van afgeleide instrumente en voortsetting van Skansrekeningkunde*.

Die implementering van hierdie interpretasies en wysigings het geen uitwerking op die resultate van die huidige of vorige tydperke nie.

2. RESULTATE

Wesensverdienste
Vir die tydperk onder oorsig het wesensverdienste onveranderd op R3 658 miljoen (2013: R3 657 miljoen) gebly, terwyl wesensverdienste per aandeel met 0.1% vanaf 712.5 sent tot 711.7 sent afgeneem het, soos in die tabel hieronder aangetoon.

Bydrae tot wesensverdienste deur rapporteringskategorieë

	Ses maande geëindig			Jaar geëindig
R miljoen	**31 Des 2014**	*% Verandering*	31 Des 2013	30 Junie 2014
Voedsel, drank en huishoudelike sorg	**974**	*16.1*	839	795
Bankwese	**1 347**	*12.3*	1 200	2 542
Gesondheidsorg	**670**	*7.7*	622	1 489
Versekering	**549**	*28.9*	426	871
Nywerheid	**7**	*(98.4)*	446	700
Infrastruktuur	**91**	*31.9*	69	166
Media en sport	**11**	*(80.0)*	55	64
Ander beleggings	**39**	*11.4*	35	59
Sentrale tesourie	**57**	*58.3*	36	83
Ander netto korporatiewe koste	**(87)**	*(22.5)*	(71)	(134)
Wesensverdienste	**3 658**	-	3 657	6 635

Verwys na Bylae A en B vir segmentinligting.

Kommentaar op rapporteringskategorieë se vertoning

Voedsel, drank en huishoudelike sorg
Die bydrae van voedsel, drank en huishoudelike sorg tot Remgro se wesensverdienste het R974 miljoen bedra (2013: R839 miljoen), ‘n toename van 16.1%. Hierdie toename is hoofsaaklik die gevolg van ‘n hoër bydrae van RCL Foods, wat R473 miljoen tot wesensverdienste bygedra het (2013: R10 miljoen). Daar moet egter op gelet word dat die resultate van RCL Foods vir die tydperk onder oorsig ook nou die resultate van TSB insluit, terwyl TSB afsonderlik in die vergelykende tydperk verantwoord is. TSB se wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig het R250 miljoen bedra (2013: R192 miljoen). Gedurende die tydperk onder oorsig is RCL Foods se resultate gunstig beïnvloed deur Rainbow se nuwe besigheidsmodel ingevolge waarvan afhanklikheid van suiwer kommoditeitslyne verminder is, sowel as die herstrukturering van sy skuld gedurende die vorige finansiële jaar waardeur die Euro-skuldbriewe met ‘n rand-gebaseerde skuldpakket vervang is. Laasgenoemde herstrukturering het enige moontlike ongunstige valuta-aanpassings uitgeskakel. Unilever se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 30.4% tot R195 miljoen (2013: R280 miljoen) afgeneem. Hierdie afname

is hoofsaaklik die gevolg van verhoogde beleggings in handelsmerke en bemarking. Distell se bydrae tot wesensverdienste, wat die belegging in Capevin Holdings insluit, het R306 miljoen (2013: R357 miljoen) bedra. Hierdie afname is hoofsaaklik die gevolg van ‘n gunstige hermeting van R159 miljoen van die voorwaardelike teenprestasie wat met die verkryging van Burn Stewart Distillers Limited in die vergelykende tydperk verantwoord is. Uitgesluit hierdie hermeting, sou Distell se bydrae tot Remgro se wesensverdienste met 0.7% vanaf R304 miljoen toegeneem het. Daar moet op gelet word dat Remgro se effektiewe belang in Distell vanaf 33.4% tot 31.1% afgeneem het weens die uitreik van 15.0 miljoen gewone aandele aan SEB-aandeelhouers gedurende Januarie 2014.

Bankwese
Die bydrae van die bankafdeling tot wesensverdienste het R1 347 miljoen (2013: R1 200 miljoen) bedra, ‘n styging van 12.3%. Beide FirstRand en RMBH het goeie wesensverdienste-groei van 12.4% en 12.3% onderskeidelik gerapporteer, hoofsaaklik weens groei in beide rente- en nie-rente-inkomste by FNB, RMB en WesBank. Hierdie groei is gedeeltelik teengewerk deur ‘n klein toename in jaar-op-jaar uitgawes ten opsigte van krediet-waardedalingskoste.

Gesondheidsorg
Mediclinic se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R670 miljoen (2013: R622 miljoen) bedra. Daar moet op gelet word dat Mediclinic se resultate vir die vergelykende tydperk ‘n eenmalige verstreke dienskoste-krediet van R172 miljoen ingesluit het. Uitgesluit hierdie eenmalige item sou Mediclinic se bydrae tot Remgro se wesensverdienste met 22.7% vanaf R546 miljoen toegeneem het. Hierdie toename is hoofsaaklik weens stewige vertonings deur al drie bedryfsplatforms, gedeeltelik teengewerk deur die afname in Remgro se effektiewe belang in Mediclinic vanaf 44.3% tot 42.1% weens die boekbou-oefening wat in Junie 2014 deur Mediclinic onderneem is.

Versekering
RMI Holdings se bydrae tot wesensverdienste het met 28.9% tot R549 miljoen verhoog. RMI Holdings het ‘n toename van 13.6% in genormaliseerde verdienste gerapporteer, met al drie bedryfsplatforms, naamlik Discovery, MMI Holdings en OUTsurance wat goeie verdienstegroei van onderskeidelik 20.1%, 10.0% en 14.2% behaal het.

Nywerheid
Total South Africa se bydrae tot Remgro se wesensverdienste was ‘n verlies van R112 miljoen (2013: R123 miljoen wins). Die afname is hoofsaaklik die gevolg van wesentlike ongunstige voorraadherwaardasies in die tydperk onder oorsig, vergeleke met gunstige voorraadherwaardasies in die vergelykende tydperk. Hierdie herwaardasies is die gevolg van die volatiliteit in die Brent ru-olieprys en die rand wisselkoers. Remgro se deel van KTH se resultate het ‘n verlies van R62 miljoen (2013: wins van R93 miljoen) bedra. Gedurende die tydperk onder oorsig is KTH se resultate negatief beïnvloed deur die ongunstige billike waarde aanpassing wat verband hou met sy belegging in Exxaro Resources Beperk. Air Products en Wispeco se bydraes tot wesensverdienste het onderskeidelik R108 miljoen en R48 miljoen (2013: R114 miljoen en R53 miljoen) bedra, terwyl PGSI R25 miljoen tot Remgro se wesensverdienste bygedra het (2013: R63 miljoen).

Infrastruktuur
Grindrod se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R76 miljoen (2013: R45 miljoen) bedra. Hierdie toename was hoofsaaklik weens die sluiting van Grindrod se kommoditeitsverhandeling-afdeling wat swak resultate in die vergelykende tydperk gerapporteer het. Daar moet ook op gelet word dat Remgro se effektiewe belang in Grindrod vanaf 25.0% op 31 Desember 2013 tot 22.6% verwater het weens die uitreiking deur Grindrod van 64 miljoen aandele aan ‘n konsortium van strategiese swart beleggers gedurende Junie 2014. Vir die tydperk onder oorsig het die CIV-groep R5 miljoen tot wesensverdienste bygedra (2013: R28 miljoen). SEACOM het ‘n wesensverdienste van R40 miljoen vir die tydperk onder oorsig gerapporteer (2013: wesensverlies van R32 miljoen). Remgro se deel van hierdie verdienste was R8 miljoen (2013: verlies van R8 miljoen).

Media en sport
Media- en sportbelange bestaan hoofsaaklik uit die belang in Sabido. Sabido se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R44 miljoen (2013: R79 miljoen) bedra. Ander media- en sportbelange se bydrae tot wesensverdienste was ‘n verlies van R33 miljoen (2013: R24 miljoen verlies).

Ander beleggings
Die bydrae van ander beleggings tot wesensverdienste het R39 miljoen (2013: R35 miljoen) bedra, waarvan Business Partners se bydrae R20 miljoen (2013: R17 miljoen) was.

Sentrale tesourie en ander netto korporatiewe koste
Die bydrae deur die sentrale tesourie-afdeling het R57 miljoen (2013: R36 miljoen) bedra. Hierdie toename was hoofsaaklik die gevolg van hoër gemiddelde kontantbalanse en hoër rentekoerse as in die vergelykende tydperk. Ander netto korporatiewe koste het R87 miljoen (2013: R71 miljoen) bedra.

Totale verdienste
Totale verdienste het met 11.7% tot R4 310 miljoen (2013: R3 860 miljoen) toegeneem. Hierdie toename is hoofsaaklik die gevolg van ‘n wins van R958 miljoen wat gerealiseer is met die verwatering van Remgro se belang in Mediclinic, gedeeltelik teengewerk deur die verlies van R223 miljoen wat met die verkoop van die belegging in Lashou gerealiseer is.

3. INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE

Remgro se intrinsieke netto batewaarde per aandeel het met 15.7% vanaf R245.96 op 30 Junie 2014 tot R284.48 op 31 Desember 2014 toegeneem. Verwys na Bylaag B vir volle besonderhede.

4. BELEGGINGSAKTIWITEITE

Die belangrikste beleggingsaktiwiteite gedurende die tydperk onder oorsig was soos volg:

Community Investments Ventures Holdings Eiendoms Beperk (CIVH)
Remgro se belang in Dark Fibre Africa Eiendoms Beperk (Dark Fibre Africa) word gehou deur sy belegging in CIVH. Dark Fibre Africa is ‘n volfiliaal van CIVH. In Augustus 2014 het Remgro ‘n bykomende R56.6 miljoen in CIVH belê en daardeur sy belang marginaal van 50.7% op 30 Junie 2014 tot 50.9% op 31 Desember 2014 verhoog.

Grindrod Beperk (Grindrod)
Gedurende die tydperk onder oorsig het Remgro ‘n verdere 141 624 Grindrod-aandele vir ‘n totale bedrag van R3.0 miljoen in die mark gekoop. Remgro se effektiewe belang in Grindrod het onveranderd op 22.6% gebly.

Kagiso Tiso Holdings Beperk (KTH)
Gedurende Julie 2014 het Remgro nog 3 000 gewone aandele vir ‘n totale bedrag van R22.5 miljoen in KTH verkry. Hierdie transaksie het Remgro se effektiewe belang in KTH tot 34.9% (30 Junie 2014: 34.7%) verhoog.

Lashou-groep Ing (Lashou)
In die tydperk onder oorsig het Remgro sy belegging in Lashou verkoop. ‘n Verlies van $19.9 miljoen is met hierdie transaksie gerealiseer. Hierdie verlies is nie by wesensverdienste ingesluit nie.

Milestone China Opportunities Fund III (Milestone III)
Remgro het gedurende die tydperk onder oorsig ‘n bykomende $25.9 miljoen in Milestone III belê en sodoende sy kumulatiewe belegging tot $79.3 miljoen verhoog. Op 31 Desember 2014 het die oorblywende verpligting ten opsigte van Milestone III $20.7 miljoen bedra.

Ander kleiner beleggings het R55.4 miljoen bedra.

Daar was geen wesentlike transaksies sedert 31 Desember 2014 nie.

5. INLIGTING MET BETREKKING TOT ONGENOTEERDE BELEGGINGS

Unilever South Africa Holdings Eiendoms Beperk (Unilever Suid-Afrika)
Unilever Suid-Afrika se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die ses maande tot 31 Desember 2014 het tot R195 miljoen (2013: R280 miljoen) afgeneem as gevolg van die swak ekonomiese omgewing, verhoogde voorsieningskettingkoste en investering in bemarking en handelsmerke van die huishoudelike produkte.

Herstruktureringskoste vir die tydperk onder oorsig het R79 miljoen (2013: R76 miljoen) bedra en bestaan hoofsaaklik uit kostes met die herstrukturering van die Boksburg Vloeistowwe-fabriek, die oprigting van die Roomysfabriek ten einde kostebesparings te dryf, asook voortgesette spandering op die Southappies-fabriek.

Unilever Suid-Afrika se netto wins vir die ses maande tot 31 Desember 2014 het tot R751 miljoen (2013: R1 029 miljoen) afgeneem.

Air Products South Africa Eiendoms Beperk (Air Products South Africa)
Air Products South Africa het 'n September-jaareinde en gevolglik is die maatskappy se resultate vir die ses maande geëindig 30 September 2014 by Remgro se resultate vir die tydperk onder oorsig ingesluit. Air Products South Africa se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig het met 5% tot R108 miljoen (2013: R114 miljoen) afgeneem.

Vir die ses maande geëindig 30 September 2014 het Air Products South Africa se omset met 5.7% tot R1 043 miljoen (2013: R987 miljoen) toegeneem, terwyl die maatskappy se bedryfswins vir dieselfde tydperk onveranderd op R321 miljoen (2013: R321 miljoen) was. Die verdienste vir die tydperk is negatief geraak deur 'n skikkingseis van R10 miljoen in die chemikalieë-afdeling en die onverhaalbaarheid van kostes gedurende stakings in die platinum- en metaalwerkersbedryf.

Air Products South Africa is die grootste vervaardiger van industriële gasse in Suidelike Afrika. Air Products South Africa is ook 'n invoerder en verspreider van 'n verskeidenheid spesialiteitsgasse en chemiese produkte wat gelewer word aan 'n wye reeks industrieë wat insluit staal, chemikalieë, olieraffinering, hulpbronminerale, glas, pulp en papier, voedselverpakking asook algemene vervaardiging, fabriekswese en sweiswerke.

Die vraag na grootmaatgasvolumes was laer as verwag en toon min tekens van verbetering. Gedempte vraag vanaf die staal- en chemikalieë sektor, tesame met onderbreking in vervaardiging in die hulpbronsektor het steeds 'n negatiewe uitwerking op volumes.

Grootmaat vloeibare en verpakte gasprodukte se volumes is ook laer as verwag en word steeds negatief geraak deur arbeidsonrus in verskeie marksektore en lae groei in die vervaardigingsektor.

Kagiso Tiso Holdings Eiendoms Beperk (KTH)
KTH is 'n vooraanstaande swart beheerde beleggingshouermaatskappy met 'n sterk en gediversifiseerde beleggingsportefeulje wat die hulpbronne-, industriële-, media-, finansiëledienste-, gesondheidsorg-, eiendoms- en inligtingstegnolo-giesektore dek.

KTH se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig het 'n verlies van R62 miljoen (2013: wesenverdienste van R93 miljoen) bedra. Die afname in verdienste is hoofsaaklik gedryf deur KTH se netto toeskryfbare deel van negatiewe billike waarde aanpassings wat verband hou met beleggings in Exxaro Resources Beperk (R275 miljoen), Adcock Ingram Holdings Beperk (R49 miljoen) en Aveng Beperk (R45 miljoen) wat in 'n mindere mate deur positiewe billike waarde aanpassings op voorkeuraandele in MMI Holdings Beperk (R98 miljoen) teengewerk is.

Inkomste vanuit geëkwiteerde beleggings het tot R219 miljoen (2013: R310 miljoen) afgeneem as gevolg van laer bydraes vanuit beleggings in MMI Holdings Beperk, Emira Eiendomsfonds en Actom Investment Holdings Eiendoms Beperk. Netto finansieringskoste het tot R176 miljoen (2013: R111 miljoen) toegeneem hoofsaaklik weens die aangaan van skuld aan die einde van die vergelykende tydperk om die uitkoop van minderhede by Kagiso Media gedeeltelik te finansier.

Total South Africa Eiendoms Beperk (Total South Africa)
Total South Africa het 'n Desember-jaareinde en gevolglik is die maatskappy se resultate vir die ses maande geëindig 31 Desember 2014 in Remgro se resultate vir die tydperk onder oorsig ingesluit. Total South Africa se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig het 'n verlies van R112 miljoen (2013: wesensverdienste van R123 miljoen) bedra.

Die resultate vir die huidige tydperk is negatief beïnvloed deur ongunstige voorraadherwaardasie-aanpassings van R1 534 miljoen (2013: R344 miljoen gunstige voorraadherwaardasie-aanpassings) as gevolg van 'n daling in die internasionale olieprys vanaf VSA$114 per vat op 30 Junie 2014, tot VSA$55 per vat op 31 Desember 2014.

Total South Africa se omset vir die ses maande geëindig 31 Desember 2014 het met 9.0% tot R25 292 miljoen (2013: R23 213 miljoen) toegeneem. Die toename is hoofsaaklik toeskryfbaar aan ‘n bemarkingstrategie om volumes aan die mynwese-sektor en verspreiders te verhoog.

Die uitrol van RAS (skeiding van gereguleerde marge tussen kleinhandel en groothandel) het, soos verwag, geen uitwerking op Total South Africa se bedryfswins gehad na afloop van heronderhandeling van kontrakte met handelaars nie.

Die maatskappy het sy vlak van kapitaalbesteding ten opsigte van gesondheids-, veiligheids-, omgewings- en kwaliteitprojekte, by depots en vulstasies versterk. Total South Africa het spesifiek voortgegaan met die projek om te verseker dat alle plaaslike vulstasies aan die standaarde van Total Group, wat strenger as Suid-Afrikaanse norme is, voldoen.

Natref (waarin Total South Africa ’n belang van 36.4% het) het gedurende die tydperk onder oorsig ’n verbetering in raffineringsmarges teenoor die ses maande tot 31 Desember 2013 ervaar, danksy die gesamentlike uitwerking van ‘n beter ekonomiese omgewing en ‘n verbeterde raffinadery-prestasie. Die verbetering is behaal ten spyte van die alkaliese en vloeibare katalisatoreenhede se sluiting vir inspeksie.

PGSI Beperk (PGSI)
PGSI se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig het R25 miljoen (2013: R63 miljoen) bedra. Daar moet op gelet word dat’n nie-herhalende positiewe aanpassing van R38 miljoen ten opsigte van die omskeppingsreg op voorkeuraandele in PGSI by die vergelykende wesensverdienste van PGSI ingesluit is.

PGSI se omset vir die tydperk onder oorsig het met 10% tot R1 974 miljoen (2013: R1 793 miljoen) toegeneem, terwyl sy bedryfswins voor waardevermindering en amortisasie R225 miljoen (2013: R239 miljoen) bedra het.

PGSI het gedurende die tydperk onder oorsig ‘n ekwiteitsbelang van 10% in PG Group, die groep se hoofbedryfsfiliaal in Suid-Afrika, aan Saint Gobain, ‘n vooraanstaande internasionale glas- en bouprodukverskaffer, verkoop. Daar word verwag dat hierdie verbintenis PG Group se vervaardigingskundigheid sal versterk.

PG Group vervaardig en verskaf glas aan die bou- en motorvervaardigingsindustrieë. Die motorglas-afdeling verskaf glas aan die oorspronklik vervaardigde toerusting (OEM)-, uitvoer- en plaaslike naverkope motoronderdeelmark. Die swakker vertoning in die motorglas-afdeling van PG Group is toeskryfbaar aan gemengde resultate in hierdie markte. Nuwe motorverkope het effens afgeneem gedurende die tydperk onder oorsig terwyl groei in die bou van motorvoertuie vir die uitvoermark marginaal was. Die trae groei in vraag vanuit die OEM-mark is deur verhoogde verdienste vanuit die uitvoermark, wat deur die swakker randwisselkoers bevoordeel is, teengewerk. Glasverkope in die naverkope motoronderdeelmark is gedurende die tydperk negatief geraak deur ‘n kombinasie van moeilike ekonomiese omstandighede vir verbruikers, laer aantal eise vanuit die versekeringsbedryf en die afstaan van markaandeel aan goedkoper ingevoerde produkte.Vervaardigingsfasiliteite het ‘n beduidende verbetering in produktiwiteit getoon, wat kostebesparing en verhoogde effektiwiteit gedryf het, gesteun deur die tegniese en strategiese insette vanaf Saint Gobain. ‘n Nuwe *Safevue* motorvoorruit is gedurende Januarie 2015 geloods wat die groep in staat stel om aan die behoefte na ‘n lae koste waarde aanbieding aan die naverkope motoronderdeelmark te voldoen. Safevue sal aanvullend tot die premium OEM-kwaliteit *Shatterprufe* aanbieding wees.

Die bouglasafdeling het positiewe groei in volumes en winsgewendheid getoon ten spyte van die swakker plaaslike mark, in besonder die residensiële sektor. Die groep se uitbreiding in Afrika het positief tot die resultate bygedra.

PG Group verwag dat die groep se bouprodukafdeling sal voortgaan om vinniger as die gedempte nasionale BBP-vooruitskattings te groei, terwyl die uitwerking van die nuwe Safevue produk in die motorafdeling tyd sal neem om resultate te lewer. Daar word verwag dat 2015 ‘n uitdagende jaar sal wees, terwyl die groep ‘n stewige strategiese basis vir toekomstige groei skep.

Wispeco Holdings Eiendoms Beperk (Wispeco)
Omset vir die ses maande geëindig 31 Desember 2014 het met 11% tot R838 miljoen (2013: R758 miljoen) toegeneem. Hierdie groei in omset is hoofsaaklik toeskryfbaar aan hoër verkoopspryse as gevolg van ‘n toename in insetkostes na aanleiding van ’n verswakking in die rand-geldeenheid. Wesensverdienste vir die

tydperk onder oorsig het met 9% tot R48 miljoen (2013: R53 miljoen) afgeneem, hoofsaaklik as gevolg van die maandlange stakings in die metaalindustrie gedurende Julie 2014. Ten spyte van uitstekende verhoudinge met werknemers is Wispeco steeds negatief geraak deur die staking, maar die toegewydheid van werknemers om verlore diensvlakke in te haal na afloop van die staking is prysenswaardig.

Verwerking van herwinde aluminium speel 'n belangrike rol om voortgesette beskikbaarheid van grondstowwe te verseker. Wispeco het groter hoeveelhede skroot aluminium aangekoop ten einde afhanklikheid van oorsese perspaalverskaffers te verminder. Hierdie metode van vervaardiging vereis slegs 5% van die energie wat gebruik word om nuwe aluminium te vervaardig wat daartoe lei dat Wispeco se aluminiumprodukte met "groen graderings" geakkrediteer word.

Wispeco streef steeds na standaarde van wêreldgehalte in alle bedryfsafdelings deur middel van voortgesette verbetering in werkspraktyke en belegging in vooraanstaande tegnologieë. Die 9de ekstrusie-aanleg word tans by die nuwe perseel in Alrode geïnstalleer. Hierdie addisionele kapasiteit sal daartoe bydra dat aan die vraag na swaarder en groter industriële ekstrusies voorsien kan word. Die ontwikkeling van menslike vaardighede in die industrie is steeds 'n belangrike fokusarea, met spesiale aandag wat aan die opleiding van dowe en gestremde leerders gegee word.

Die uitrol van Wispeco se jongste produkinnovasies onder die Crealco-handelsnaam wek steeds groot opwinding onder argitekte en produkspesifiseerders. Onlangse ontwikkelings sluit in die nuwe *Façade 60* muurgordynstelsel en die Wrap, 'n nuwe laekoste vensterstelsel. Die nuwe *Crealcofpd*-webwerf stel argitekte in staat om die ooreenstemming van pasgemaakte Crealco produkte met nuwe bouregulasies aanlyn te verifieer.

Community Investment Ventures Holdings Eiendoms Beperk (CIV groep)
Remgro het 'n effektiewe belang van 50.9% in die CIV groep, wat in die telekommunikasie- en inligtingstegnologiesektor bedrywig is. Die belangrikste bedryfsmaatskappy is Dark Fibre Africa Eiendoms Beperk (DFA), wat optieseveselnetwerke bou en besit.

Die CIV groep het 'n Maart-jaareinde en gevolglik is die maatskappy se resultate vir die ses maande geëindig 30 September 2014 in Remgro se resultate vir die tydperk onder oorsig ingesluit. Die CIV groep se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig het R5 miljoen (2013: R28 miljoen) bedra.

DFA se omset vir die ses maande geëindig 30 September 2014 het met 15% tot R468 miljoen (2013: R409 miljoen) toegeneem, danksy goeie groei van 31% in annuïteitsinkomste. Die maatskappy se wins voor inagname van rente, belasting, waardevermindering en amortisasie vir die tydperk onder oorsig het met 16% na R344 miljoen toegeneem. Die huidige waarde van die optiesevesel-netwerk beloop meer as R4.7 miljard. DFA het tot dusver 'n gesonde annuïteitsinkomstestroom van meer as R65 miljoen per maand verseker, waarvan die meerderheid vanuit langtermynkontrakte met klante is. DFA het gedurende Junie 2014 sy gemiddelde koste van befondsing verlaag deur die herfinansiering van skuld van R3.5 miljard met 'n konsortium van uitleners vanaf 'n projekfinansieringstruktuur na 'n korporatiewe struktuur van R2.5 miljard langtermynskuld en R1 miljard korttermynskuld. Een van die hoof bedryfsuitdagings wat DFA in die gesig staar is die stadiger as verwagte voltooiing van klante se seinstasies wat DFA se vermoë om hierdie stasies by die netwerk in te skakel, negatief beïnvloed en lei tot 'n vertraging in die generering van inkomste om toenemende waardevermindering en finansieringskoste ten opsigte van die uitrol van die netwerk te dek. DFA het vertragings ondervind in die verkryging van padgebruiksregte vanaf plaaslike regerings wat die bou van hul eie optieseveselnetwerke beplan. DFA het Conduct Telecommunication op 1 April 2014 verkry ten einde die risiko van die stadige uitrol van die netwerk te verminder. Conduct spesialiseer in die bou van die laaste myl en beskik oor optieseveselinfrastruktuur na meer as 1 718 geboue en 4 500 eindgebruikers. Die meeste van DFA se kliënte het hul aanvanklike kontrakte vanaf vyf jaar na tien of vyftien jaar verleng. Gedurende die huidige tydperk was die netwerk vir 'n uitstekende 99.99% van die tyd ten volle aktief.

DFA het optiesevesel-netwerke in Johannesburg, Kaapstad en Durban (uitgebrei tot by Pietermaritzburg), Midrand, Centurion en Pretoria. Die netwerk is gedurende die afgelope jaar na 17 kleiner dorpe, insluitende Oos-Londen, Polokwane, Tlokwe, Emalahleni en George, uitgebrei. Die Johannesburgse netwerk word as een van die belangrikste kommunikasienetwerke in Afrika beskou. 'n Totale afstand van 7 910 km (Maart 2014: 7 759 km) se optieseveselnetwerk is teen 30 September 2014 in belangrike stedelike gebiede en op langafstandroetes voltooi. Langafstandroetes sluit in dié tussen die stedelike gebied van Durban en SEACOM se landingstasie in Mtunzini. Hierdie roete is deur Empangeni tot in Gauteng verleng. DFA het ook die bou van 'n langafstandroete voltooi om Kaapstad met die WACS (West African Cable System) ondersese kabel se landingstasie in Yzerfontein te verbind. DFA het gedurende die jaar 'n netwerkverbinding tussen die Noordwesprovinsie en Gauteng gebou.

In 2010 het DFA begin met die vesel-tot-toringprojek wat selfoon-operateurs se basisstasies met die kernkommunikasie-netwerke verbind, en hierdie projek sal in 2015 en daarna voortgesit word soos die vraag na mobiele truverbinding verhoog as gevolg van die goeie groei in vraag na data vanaf slimfone en Lang Termyn Evolusie-tegnologie. Mobiele truverbinding is 'n belangrike groei-area vir DFA as gevolg van die verhoogde vraag na mobiele breëband. DFA beskik oor 6 290 (Maart 2014: 5 618) basis seinontvangerstasies op die netwerk wat drie van die vier selfoonoperateurs dek. DFA monitor en onderhou 8 339 (Maart 2014: 7 348) kliëntekringe.

DFA se volgende areas van groei sal die mark vir ondernemings en die publieke sektor wees wat goeie groei in vraag in die afgelope twaalf maande getoon het. DFA beskik oor meer as 1 700 skakels in die ondernemingsmark en het nuwe produkte ontwikkel om in die vraag van hierdie mark te voorsien.

DFA vorm ook deel van 'n konsortium wat optiesevesel-verbindings aan die Gauteng provinsiale regering en omliggende skole gaan voorsien as deel van 'n afsonderlike projek en is in proses om die eerste 100 skole te verbind. Die maatskappy het ook begin met die uitrol van konsep vesel-na-die-huis projekte in geselekteerde woongebiede in Johannesburg.

DFA het kommersiële huurooreenkomste aangegaan met 64 (Maart 2014: 56) klante wat oor lisensies vir elektroniese kommunikasie-netwerkdienste beskik, wat wissel van die grootste spelers tot banke en klein nisoperateurs. Die inkomstemodel is aanpasbaar om in klante se behoeftes te kan voorsien, met die verkoop van onvervreembare gebruiksregte wat 'n eenmalige voorafbetaling vereis, of betaling op 'n jaarlikse grondslag vir multijaar-kontrakte van tot 15 jaar. Ongeveer 78% van inkomste is tans annuïteitsinkomste en die toekomstige waarde van die huidige annuïteitskontrakte beloop meer as R8.5 miljard.

SEACOM Capital Beperk (SEACOM)
Remgro het 'n effektiewe belang van 25% in SEACOM, wat'n teragreep-ondersese optieseveselkabel bedryf wat suidelike en oostelike Afrika met Europa en Asië verbind. Die kabel verbind Suid-Afrika, Mosambiek, Tanzanië, Kenia en Djibouti met die res van die wêreld via landingspunte in Frankryk (en van daar na Londen) en Indië. Landomringde lande (Uganda, Rwanda, Ethiopië, ens.) word deur middel van landgebaseerde truverbinding ingeskakel.

SEACOM het 'n Desember-jaareinde, en daarom is die maatskappy se resultate vir die ses maande tot 31 Desember 2014 by Remgro se resultate vir die tydperk onder oorsig ingesluit. SEACOM se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig het R8 miljoen (2013: wesensverlies van R8 miljoen) bedra.

SEACOM verskaf internasionale hoëkapasiteit optieseveselbandwydte aan kliënte in die vorm van internasionale privaatlyn-kringe en IP-transitodienste. Hierdie dienste word verkoop as 12 tot 36 maande verhuringskontrakte en as 15 of 20 jaar nie-vervreembare gebruiksregte, ingesluit jaarlikse onderhoudskostes, waar die meeste van die inkomste oor die volle termyn van 15 of 20 jaar verantwoord word.

SEACOM handhaaf 'n proaktiewe benadering om winsgewendheid te verseker deur implementering van verskeie kostebesparingsinisiatiewe en 'n wyer reeks produkaanbiedinge wat die maatskappy in staat stel om verhoogde markaandeel te behaal deur 'n pakket van beter waarde as kompeterende kabelstelsels te bied.

Verhoogde vraag na vinniger en beter datanetwerkdienste dra by tot die hoër as verwagte groei in vraag. Volgehoue verminderings in randgebaseerde kostes, asook 'n groot toename in die vraag na betroubare beskermde roetes rondom Afrika, lei ook tot 'n toename in vraag na SEACOM se dienste. SEACOM se vermoë om spoedig by vinnig veranderende toestande in die mark aan te pas en in addisionele vraag te voorsien stel die maatskappy in staat om sy gunstige mededingingsposisie te handhaaf.

Sabido Investments Eiendoms Beperk (Sabido)
Remgro het 'n effektiewe belang van 31.9% in Sabido, wat oor 'n reeks mediabelange beskik, insluitende e.tv, Suid- Afrika se enigste onafhanklike gratis televisiekanaal, sy nuusdienssuster, die eNews Africa-kanaal (eNCA), Platco Digital, 'n gratiskyk satellietplatform, Yfm, 'n radiostasie gebaseer in Gauteng, en verskeie ander ateljee- en fasiliteitsbesighede.

Sabido het 'n Maart-jaareinde en gevolglik is die maatskappy se resultate vir die ses maande geëindig 30 September 2014 in Remgro se resultate vir die tydperk onder oorsig ingesluit. Sabido se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig het R44 miljoen (2013: R79 miljoen) bedra.

Die afname in Sabido se resultate was hoofsaaklik toeskryfbaar aan toenemende druk op advertensie-inkomste, teenskedulering deur Sabido se mededingers en verhoogde koste wat verband hou met die loodsing van drie nuwe besighede – 'n gratis direk-na-huis satelliet TV-platform genaamd Openview HD, vyf nuwe e.tv-kanale en aanlynnuusdiens enca.com. Al drie inisiatiewe is in lyn met die groep se multikanaal-, multiplatform- en multigebiedstrategie.

Vir die tydperk onder oorsig het e-tv toenemende druk op gratis televisieadvertensieverkope ervaar, maar goeie kostebestuur is egter toegepas. Die voortslepende oponthoud in die loodsing van digitale terrestriële televisie (DTT) het bygedra tot 'n beduidende skuif in kykergetalle en advertensieverkope na betaalkanaaltelevisie soos kykers multikanaal-aanbiedinge van meer as die huidige vierkanaal- analoogsein-aanbieding verlang. Die bekendstelling van Openview HD gedurende Oktober 2013 was daarop gemik om 'n gratis multikanaal-alternatief tot betaalkanaaltelevisie te bied, ten einde die verlies aan kykers en inkomste aan betaalkanaaltelevisie te stuit.

eNCA, Sabido se 24-uur nuuskanaal, het steeds gebaat by groei in DStv se Compact-platform en het sy posisie as die vooraanstaande nuusdiens op DStv gehandhaaf ten spyte van die bekendstelling van twee nuwe Suid-Afrikaanse 24-uur nuuskanale. eNCA se bedryfsvertoning vir die tydperk onder oorsig was beter as wat begroot is. enca.com, die groep se aanlynnuusdiens, het gedurende die hofsaak van Oscar Pistorius in September 2014 rekordgetalle van meer as 866 000 unieke besoekers behaal.

Van Sabido se filiale het Sasani steeds beter as verwagting vertoon afgesien van 'n brand by die besigheid se perseel wat tot die verlies aan die Big Brother reeks gelei het, maar begrote inkomsteteikens is steeds oortref. Yfm het 84% van begrote inkomsteteikens behaal ten spyte van verminderde besteding deur 'n aantal adverteerders. Die Cape Town Film Studio het voortgegaan om 'n goeie ateljee-besettingskoers te ervaar en die vertoning van die na-produksie en toerustingverhuringsbesigheid, Silverline 360 was ook beter as voorheen.

6. TESOURIE-AANDELE

Op 30 Junie 2014 is 2 960 766 Remgro gewone aandele (0.6%) as tesourie-aandele deur 'n volfiliaalmaatskappy van Remgro gehou. Soos voorheen gerapporteer is hierdie aandele aangekoop ten einde Remgro se aandele-aansporingskema te verskans.

Gedurende die tydperk onder oorsig is geen Remgro gewone aandele aangekoop nie, terwyl 719 110 Remgro gewone aandele aangewend is ten einde Remgro se verpligting teenoor skema deelnemers, wie die regte wat aan hulle toegeken is uitgeoefen het, te vereffen.

Op 31 Desember 2014 is 2 241 656 Remgro gewone aandele (0.5%) as tesourie-aandele gehou.

DIREKSIE

Op 25 November 2014 het die Remgro raad van direkteure vir mnr J Malherbe as mede-ondervoorsitter saam met dr E de la H Hertzog aangestel. Me Sonja De Bruyn Sebotsa is met ingang vanaf sakesluiting op 16 Maart 2015 as 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van Remgro aangestel. Sy het aansienlike ondervinding op die gebied van finansies, besigheid en die bemagtiging van vroue in Suid-Afrika.

TUSSENDIVIDEND

'n Bruto tussendividend van 169 sent (2013: 156 sent) per aandeel is uit inkomstereserwes verklaar. Dit verteenwoordig 'n 8.3%-verhoging ten opsigte van beide die gewone aandele sonder pariwaarde en die ongenoteerde B-gewone aandele sonder pariwaarde, vir die halfjaar geëindig 31 Desember 2014. Verwys na die maatskappy se webwerf by www.remgro.com vir die verklaring van die kontantdividend op 19 Februarie 2015.

Na aanleiding van veranderinge in die JSE se noteringsvereistes sal gedrukte kopieë van beide die tussenverslag en die volle jaar se voorlopige resultate nie meer aan aandeelhouers gepos word nie. Hierdie verslae sal egter op die maatskappy se webwerf by www.remgro.com beskikbaar wees. 'n Kopie van die geïntegreerde jaarverslag sal steeds gepos word aan aandeelhouers wat dit versoek.

Geteken namens die raad van direkteure.

Johann Rupert
Voorsitter

Jannie Durand
Hoofuitvoerende beampte

Stellenbosch
16 Maart 2015

DIREKSIE

Nie-uitvoerende direkteure
Johann Rupert *(Voorsitter)*, E de la H Hertzog *(Ondervoorsitter)*,
J Malherbe (O*ndervoorsitter)*,
G T Ferreira*, P K Harris*, N P Mageza*, P J Moleketi*,
M Morobe*, F Robertson*, H Wessels*
(**Onafhanklik*)

Uitvoerende direkteure
J J Durand *(Hoofuitvoerende beampte)*,
W E Bührmann, L Crouse

MAATSKAPPY-INLIGTING

Sekretaris
M Lubbe

Notering
JSE Beperk
Sektor: Nywerhede – Algemene Nywerhede

Sake-adres en geregistreerde kantoor
Millenniapark, Stellentialaan 16, Stellenbosch 7600
(Posbus 456, Stellenbosch 7599)

Oordragsekretaris
Computershare Investor Services Eiendoms Beperk,
Marshallstraat 70, Johannesburg 2001
(Posbus 61051, Marshalltown 2107)

Ouditeure
PricewaterhouseCoopers Geïnk.
Stellenbosch

Borg
Rand Aksepbank (’n Afdeling van FirstRand Bank Beperk)

Webwerf
www.remgro.com

BYLAAG A

SAMESTELLING VAN WESENSVERDIENSTE

	Ses maande geëindig	
	31 Desember	31 Desember
R miljoen	**2014**	2013
Voedsel, drank en huishoudelike sorg		
Unilever Suid-Afrika	**195**	280
Distell[1]	**306**	357
RCL Foods[2]	**473**	10
TSB[2]	**-**	192
Bankwese		
RMBH	**950**	846
FirstRand	**397**	354
Gesondheidsorg		
Mediclinic	**670**	622
Versekering		
RMI Holdings	**549**	426
Nywerheid		
Air Products South Africa	**108**	114
KTH	**(62)**	93
Total South Africa	**(112)**	123
PGSI	**25**	63
Wispeco	**48**	53
Infrastruktuur		
Grindrod	**76**	45
CIV groep	**5**	28
SEACOM	**8**	(8)
Ander infrastruktuurbelange	**2**	4
Media en sport		
Sabido	**44**	79
Ander media- en sportbelange	**(33)**	(24)
Ander beleggings	**39**	35
Sentrale tesourie	**57**	36
Ander netto korporatiewe koste	**(87)**	(71)
Wesensverdienste	**3 658**	3 657
Geweegde aantal aandele (miljoen)	**514.0**	513.3
Wesensverdienste per aandeel (sent)	**711.7**	712.5

Aantekeninge

1. Sluit die belegging in Capevin Holdings Beperk in.
2. Remgro het in Januarie 2014 sy 100%-belang in TSB aan RCL Foods verkoop. TSB se resultate vir die ses maande geëindig 31 Desember 2014 is deur RCL Foods verantwoord.

BYLAAG B

SAMESTELLING VAN INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE

	31 Desember 2014		30 Junie 2014	
R miljoen	**Boekwaarde**	**Intrinsieke waarde**	Boekwaarde	Intrinsieke waarde
Voedsel, drank en huishoudelike sorg				
Unilever Suid-Afrika	**3 279**	**8 916**	3 086	9 037
Distell[1]	**3 051**	**9 192**	2 864	9 336
RCL Foods	**7 231**	**12 950**	6 862	10 547
Bankwese				
RMBH	**11 418**	**25 378**	11 225	20 743
FirstRand	**4 040**	**11 116**	3 969	8 957
Gesondheidsorg				
Mediclinic	**11 843**	**36 120**	10 597	29 316
Versekering				
RMI Holdings	**6 477**	**18 372**	6 224	14 739
Nywerheid				
Air Products South Africa	**904**	**3 839**	839	3 610
KTH	**1 928**	**2 640**	2 061	2 481
Total South Africa	**1 184**	**1 657**	1 329	1 596
PGSI	**749**	**748**	760	760
Wispeco	**589**	**862**	540	778
Infrastruktuur				
Grindrod	**3 824**	**3 807**	3 667	4 513
CIV groep	**1 723**	**2 576**	1 657	2 282
SEACOM	**625**	**1 049**	569	991
Ander infrastruktuurbelange	**869**	**869**	829	829
Media en sport				
Sabido	**1 149**	**3 259**	974	2 528
Ander media- en sportbelange	**421**	**417**	534	533
Ander beleggings	**2 898**	**3 040**	2 699	2 767
Sentrale tesourie - kontant by die kern[2]	**2 924**	**2 924**	3 264	3 264
Ander netto korporatiewe bates	**1 762**	**2 133**	1 486	1 860
Netto batewaarde (NBW)	**68 888**	**151 864**	66 035	131 467
Potensiële KWB-aanspreeklikheid[3]		**(5 538)**		(5 130)
NBW na belasting	**68 888**	**146 326**	66 035	126 337
Uitgereikte aandele na aftrekking van aandele teruggekoop (miljoen)	**514.4**	**514.4**	513.7	513.7
NBW na belasting per aandeel (Rand)	**133.93**	**284.48**	128.56	245.96

Aantekeninge

1. Sluit die belegging in Capevin Holdings Beperk in.
2. Kontant by die kern sluit uit kontant gehou deur filiale wat afsonderlik hierbo gewaardeer is (hoofsaaklik RCL Foods en Wispeco).
3. Die potensiële kapitaalwinsbelasting (KWB)-aanspreeklikheid is bereken op die spesifieke-identifikasiemetode deur gebruik te maak van die voordeligste berekening vir beleggings wat voor 1 Oktober 2001 verkry is en die korporatiewe vrystellingsbepalings word ook in ag geneem. Uitgestelde KWB op beleggings "beskikbaar vir verkoop" is onder "ander netto korporatiewe bates" hierbo ingesluit.
4. Vir doeleindes van berekening van die intrinsieke waarde, word ongenoteerde beleggings teen direkteurswaardasies aangetoon en genoteerde beleggings teen beurspryse.